Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## OPENBARE FINANSIES N5

## 2 DESEMBER 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Waar |
| | 1.1.2 | Waar |
| | 1.1.3 | Waar |
| | 1.1.4 | Waar |
| | 1.1.5 | Onwaar |
| | 1.1.6 | Waar |
| | 1.1.7 | Onwaar |
| | 1.1.8 | Waar |
| | 1.1.9 | Onwaar |
| | 1.1.10 | Waar |
| | 1.1.11 | Waar |
| | 1.1.12 | Onwaar |
| | 1.1.13 | Waar |
| | 1.1.14 | Waar |
| | 1.1.15 | Onwaar |

(15 × 2) (30)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | J |
| | 1.2.2 | F |
| | 1.2.3 | G |
| | 1.2.4 | H |
| | 1.2.5 | I |
| | 1.2.6 | E |
| | 1.2.7 | D |
| | 1.2.8 | A |
| | 1.2.9 | B |
| | 1.2.10 | C |

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Konsensusbesluitneming ✓✓

- Konsensusbesluitneming vind plaas wanneer 'n besluit deur 'n groep bereik word, deur bespreking of die wil van die meerderheid.✓✓

Voorwaardes met betrekking tot konsensusbesluitneming ✓✓

- Die groep/gemeenskap moet klein wees sodat elke lid of landsburger aan die finale besluit kan deelneem.✓✓
- Die landsburgers/lede moet oor die finale besluit saamstem.✓✓
- Dit is moeilik om die behoeftes van die hele groep te bevredig en dit kan 'n duur besluitnemingstelsel word.✓✓

Meerderheidsbesluitneming ✓✓

- Beteken dat die besluit van die meerderheid finaal is.✓✓
- Die besluit is op 'n 50+1-stem gegrond.✓
- Die minderheid se behoeftes word dikwels verontagsaam.✓ (9 × 2) (18)

2.2

- Die staat besit die produksiemiddele.
- Die regering besluit hoeveel en vir watter doel die produksiefaktore aangewend moet word.
- Daar is 'n verbod op alle kapitalistiese of vryemarkstelsels
- Herverdeling van inkomste vind plaas deur erge belastingheffings.
- Maatskaplikesekerheid-voordele soos pensioene, werkloosheidsvoordele, gratis gesondheidsdienste en onderwys word kollektief uit progressiewe belastingbronne voorsien.
- Die regering waarborg ’n minimum lewenstandaard. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.3 Koördinering van fiskale beleid
Moet 'n balans van die besteding verseker – daar moet nie te veel aan een program spandeer word in vergelyking met dit wat aan 'n ewe belangrike program spandeer word nie.

- Voorafverlening van toestemming ✓ – indien 'n departement enige veranderings aan 'n program beplan, moet die tesourie daaroor ingelig word sodat dit die finansiële implikasies kan bestudeer✓
- Evaluering van nuwe beleide en wetgewing ✓ – dit moet die wetgewer adviseer oor die finansiële implikasies (koste) van enige nuwe beleide en wette.✓
- Hersien die begroting ✓ – Die tesourie moet bepaal of al die staatsdepartemente behoorlik gemotiveerde begrotingsvoorstelle het.✓
- Bewaarder van openbare geld ✓ – Die tesourie tree as waghond op; dit beheer die onttrekking van fondse deur alle staatsdepartemente.✓
- Beheer van voorraad en pakhuise ✓ – Die beheer van voorraad in pakhuise is noodsaaklik, omdat groot hoeveelhede voorraad die belegging van groot bedrae geld verteenwoordig.✓
- Vrystellingfunksie ('dispensation function')✓- Die tesourie het die gesag om vrystelling te verleen, wat deur die wetgewer aan hom toegeken is.✓
- Beheer van aankope en aankooprosedure ✓ – Die tesourie beheer dit deur 'n staatstenderraad.✓
- Verseker finansiële beleid – Maak seker dat die finansiële beleid korrek vertolk en effektief en doeltreffend uitgevoer word.
- Tree op as 'n onpartydige liggaam om korrupsie te vermy – Alle goedkeurings van vrystellings word deur die staatsouditeur in sy jaarverslag gerapporteer en daar word van die tesourie verwag om al sy goedkeurings van vrystelling aan die Komitee oor Openbare Rekeninge te verduidelik. (10 × 2) (20)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1
- Ekonomiese-ontwikkelingsbeplanning op 'n styging in BBP te bewerkstellig
- Help nuwe entrepreneurs vir kommersiële ontwikkeling
- Stimuleer uitvoerproduksie, invoervervangingsproduksie
- Skepping van werksgeleenthede
- Bevorder handel met die buiteland deur amptelike besoeke en handelskonferensies (5 × 2) (10)

3.2
- Die voorbereiding van die begroting
- Boekhouding
- Oudit van finansiële transaksies
- Beheer oor besteding
- Beheer oor eiendom
- Beheer oor kontrakte en aankope
- Beheer oor belasting (7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.3 3.3.1 Toelae✓ – skenking van fondse vir 'n bepaalde doel.✓ (2)

3.3.2
- Onvoorwaardelike toelaes ✓✓ – Beteken dat die fondse toegeken word sonder dat enige voorwaarde daaraan gekoppel word.✓✓
- Voorwaardelike toelaes ✓✓ – Word gegee met die spesifieke voorwaardes rakende besteding van die geld; die voorwaarde kan in die vorm van breë riglyne of spesifieke voorskrifte wees.✓✓
- Projektoelaes✓✓ – Word verleen vir die befondsing van spesifieke kapitaalprojekte.✓✓ (3 × 4) (12)

3.3.3
- Onvoorwaardelike toelaes✓ – voorbeeld: Balanseer die inkomste en finansiële behoeftes of skuld.✓
- Voorwaardelike toelaes ✓ – voorbeeld: Provinsiale biblioteke, ensovoorts ✓
- Projektoelaes✓ – voorbeeld: Behuising, konstruksie van dam, ensovoorts ✓ (3 × 2) (6)

3.4
- Per capita-inkomste van 'n gemeenskap
- Die inkomstepotensiaal van 'n ideale belastingstelsel
- Verteenwoordigende inkomstestelsel (3 × 2) (6)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1
- Geen belasting of ander heffings kan van belastingbetalers ingevorder word sonder hul toestemming nie.
- Benutting van die openbare finansiële hulpbronne moet die kollektiewe behoeftes optimaal bevredig.
- Deelnemende demokrasie beteken direkte deelname deur die belastingbetalers.
- Openbare finansiële besluitneming moet regverdig wees.
- Slegs die kollektiewe liggaam van politieke verteenwoordigers het die bevoegdheid om belastings in te stel, belastings in te vorder, en te besluit hoe en waaraan hulle dit kan bestee.
- Verantwoordelikheid en toerekenbaarheid van die verkose politieke verteenwoordiger is aan die belastingbetaler verskuldig vir die invordering en besteding van belastings en ander inkomste.
- Politieke verteenwoordigers moet sensitief en responsief wees teenoor die kollektiewe behoeftes van die gemeenskap.
- Die uitvoering van begrotingsprogramme moet in die behoeftes voorsien van die publiek, die uitvoerende gesag.
- Maatskaplike/Sosiale billikheid of geregtigheid
- Alle aktiwiteite met betrekking tot openbare finansiële bestuur moet in die openbaar plaasvind en nie onder die dekmantel van vertroulikheid nie.

(Enige 6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.2
- Eiendomsbelasting
- Tariewe gehef vir dienste soos waterverbruik, elektrisiteitsverbruik en afval- en rommelverwydering
- Die gebruik van sportfasiliteite
- Aksynsbelasting
- Verkeersboetes
- Spesiale programme wat ontwerp is om fondse te genereer
- Die verhuring van eiendom
- Die verkryging van lenings (Enige 6 × 2) (12)

4.3
- Om 'n beleid van privaat inisiatief aan te moedig
- Om oormatige regeringsbesteding te verminder
- Om die regering se finansiële las te verlig
- Om die doeltreffende/effektiewe benutting van hulpbronne te bevorder
- Om die belastingbasis te vergroot (5 × 2) (10)

4.4
- Boedelbelasting✓ – Dit is die belasting wat ook suksessie/opvolging- of sterfbelasting genoem word.✓
- Skenkingsbelasting✓ – Die staat voeg al die skenkings wat afgestorwe mense gedurende hul lewens gemaak het by die waarde van hul boedels vir boedelbelastingdoeleindes.✓
  'n Skenking is 'n gratis oordrag van eiendom en 'n oordrag van regte tot enige eiendom.
- Hereregte✓ – Die koste van oordrag van eienaarskap van die eiendom van een eienaar na 'n ander✓
- Belasting op toegevoegde waarde (BTW) ✓ – BTW is 'n verkoopsbelasting wat op elke opeenvolgende stadium van 'n transaksie gehef word.✓
- Seëlregte✓ – Dit is 'n belasting wat op persoonlike eiendom soos ooreenkomste en kontrakte gehef word.✓
- Aksynsbelasting (sondebelasting) ✓ – Is 'n belasting wat op tabak, alkohol en petrol gehef word✓ (6 × 2) (12)

4.5 Vertikale fiskale billikheid
- Alle regeringsinstellings op alle vlakke moet oor die vermoë beskik om te betaal vir die dienste wat deur hul kiesers en burgers geëis word.

Horisontale fiskale billikheid
- Dit is byna onmoontlik om absolute billikheid tussen regerings op dieselfde vlak te hê. Party gemeenskappe sal altyd meer welvarend as ander wees.

(2 × 2) (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou